



# maandelikse markoorsig

&jy

MAART  
in oorsig 2026

## In hierdie uitgawe

Oliepryse het in Maart 2026 skerp gestyg namate die VSA–Israel–Iran-konflik voorsieningsroetes ontwrig en kritieke energie -infrastruktuur beskadig het.

Die S&P 500 het in Maart met bykans 5% gedaal en sy langste afwaartse tendens in byna vier jaar aangeteken.

*“Keep calm and carry on”*

# Ekonomiese- en markoorsig

Maart 2026 was weereens 'n maand wat gekenmerk is deur verhoogde geopolitieke spanning en omsigtige ekonomiese bestuur regoor die Midde-Ooste, Suid-Afrika, Europa en Asië. Die konflik in die Midde-Ooste het wêreldwyd aandag getrek namate dit gedurende Maart verder toegeneem het. Die VSA en Israel het voortgegaan met gekoördineerde aanvalle op Iran se militêre- en kernfasiliteite, terwyl Iran met missiel- en hommeltuig-aanvalle oor die streek heen gereageer het. Die Straat van Hormuz bly 'n voortdurende spanningspunt, met ontwigtings in skeepsverkeer wat beleggers se kommer oor energiesekerheid aangevuur het en bygedra het tot volgehoue wisselvalligheid in globale oliemarkte.

Aanvalle op Iran se South Pars-gasveld en verwante fasiliteite het vloeibare aardgas (LNG)-produksie beduidend verminder. QatarEnergy het aangedui dat sowat 17% van sy LNG-kapasiteit vir 'n tydperk van tot vyf jaar verminder kan wees. Beperkings op skeepsvaart deur die Straat van Hormuz het die wêreldwye vloei van ru-olie en geraffineerde brandstof ontwig, wat onsekerheid vir Asiatiese en Europese invoerders geskep het. Hierdie ontwigtings het tot tekorte aan vliegtuigbrandstof, diesel en petrol in dele van Asië gelei, met soortgelyke tekorte wat na verwagting teen April na Europa sal uitbrei.

Teen hierdie agtergrond van geopolitieke onsekerheid het die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) die repokoers in Maart onveranderd op 6,75% gehou, met die prima uitleenkoers steeds op 10,25%. Beleidmakers het verwys na wêreldwye onstabiele rentekoers stabiliteit steeds die prioriteit bly, verdere verhogings moontlik is indien hoër ingevoerde brandstofkoste opwaarts druk op inflasie plaas.

Suid-Afrika se vlagskip-hoëspoedspoorstelsel, die Gautrein, het 'n nuwe fase betree toe die langtermyn Bombela-koncessie ooreenkoms einde Maart verstryk het. 'n Nuwe 15-jaar openbare-private vennootskap word tans gefinaliseer, met die Bombela-bedryfsmaatskappy wat bedrywighede tydelik bestuur. Hierdie oorgang beklemtoon die belangrikheid van deurlopende infrastruktuur binne Gauteng se vervoer netwerk.

Europese ekonomieë het stygende energiekoste, gekoppel aan die Midde-Oosterse konflik, ervaar, hoewel handelsvloei veerkragtig gebly het. Die vraag na lugvrug het toegeneem, wat sterk voorsieningskettingbedrywighede weerspieël ondanks volgehoue geopolitieke onsekerheid. Op die politieke front het gesprekke oor sekuriteitsverpligtinge in die Middellandse See en Oos-Europa die kontinent se fyn balans tussen handels-prioriteite en verdedigingsoorwegings uitgelig.

In Asië het regerings inflasiedruk noukeurig gemonitor namate oliepryse gestyg het. Japan en Suid-Korea het klem gelê op energiediversifikasie, terwyl China voortgegaan het om streeks-handelsstabiliteit te bevorder te midde van wêreldwye ontwigtings. Die Verre Ooste se veerkragtigheid in vervaardiging en uitvoere het gedeeltelik gekompenseer teen wisselvalligheid in energiemarkte.

Maart het die wisselwerking tussen oorlogsgedrewe energierisiko's en versigtige monetêre beleid beklemtoon. Buiten hoër brandstofpryse bly Suid-Afrika grootliks geïsoleer van die meer ernstige impakte van die konflik, terwyl Europa en Asië met eksterne energie-voorsieningskotte worstel. Internasionaal bly die VSA-Israel-Iran-konflik die bepalende faktor wat beleggersentiment beïnvloed.

# Markprestasie

**Oliepryse het in Maart 2026 skerp gestyg namate die VSA–Israel–Iran-konflik voorsieningsroetes ontwig en kritieke energie-infrastruktuur beskadig het. Brent-ruolie het bo \$100 per vat verhandel, terwyl die OPEC-mandjie tot bo \$145 gestyg het. Dit het beduidende kommer oor Midde-Oosterse produksie en die bottleneck by die Straat van Hormuz weerspieël. Hierdie ontwigtings het tot tekorte aan geraffineerde produkte in Asië gelei en voorraad aan Europa bedreig, wat internasionale energiemarkte onder volgehoue druk gehou het.**

Die goudpryse het die verhoogde geopolitieke onsekerheid weerspieël en die metaal se rol as veilige hawe bevestig. Pryse het gedurende die maand skerp gestyg en kortstondig met meer as 5% opgeskiet tot meer as \$4 560 per ons, voordat dit teen maand-einde naby dié vlak gestabiliseer het. Wisselvalligheid het hoog gebly, maar die algehele tendens het op 'n sterk vraag na veiligheid tydens oorlogs-gedrewe onstabieliteit en inflasie-kommer gedui. In Suid-Afrikaanse randterme het die prys van goud ook versterk, wat sy waarde as verskansing teen sowel internasionale as plaaslike risiko's beklemtoon.

Amerikaanse aandelemarkte het onder druk verkeer weens geopolitieke spanning en stygende energiekoste. Die S&P 500 het in Maart met bykans 5% gedaal en sy langste afwaartse tendens in byna vier jaar aangeteken. Die meeste aandele wat deel vorm van indeksamestellings het swak vertoon, wat algehele swakheid in markte weerspieël het. Herstel van markte naby maandeinde het beperkte verligting gebring, onder andere as gevolg van spekulasie dat spanning met Iran moontlik sou afneem, maar belegger-sentiment het oor die algemeen versigtig gebly.

Suid-Afrikaanse bates het ook swakker gevaar, met aandele wat met 10,5% gedaal het, aangevoer deur 'n skerp daling in die hulpbronssektor (-16,5%). Plaaslike effekte het met 6,8% teruggesak en hul tweede grootste maandelikse daling in meer as twee dekades

aangeteken. Saam met die verswakking van die rand (-6,3% teenoor die Amerikaanse dollar) het hierdie opbrengs Suid-Afrika se hoë-beta-reputasie weereens bevestig.

Vanuit 'n gebalanseerde fonds-perspektief was die eerste kwartaal van 2026 alles behalwe ramspoedig. Die gemiddelde Suid-Afrikaanse gebalanseerde fonds het verliese van tussen 1% en 2% aangeteken, met talle fondse wat reeds gedurende die eerste paar handelsdae van April 'n mate van herstel getoon het.

Markindekse <sup>1</sup>	31 Maart 2026		
	3 maande	12 maande	5 jaar <sup>2</sup>
(Alle opbrengste in Rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (FTSE/JSE indeks van alle aandele)	-0.6%	33.6%	15.7%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	-5.2%	40.1%	18.7%
SA effekte (FTSE/JSE indeks van alle effekte)	-3.4%	19.2%	12.2%
SA kontant (STeFI)	1.7%	7.3%	6.7%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	-0.3%	11.1%	14.1%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	3.2%	21.3%	7.3%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	2.2%	-3.0%	1.5%
Rand/dollar <sup>3</sup>	3.3%	-6.9%	3.0%
Rand/sterling	1.3%	-4.9%	2.1%
Rand/euro	1.3%	-0.7%	2.6%
Goudprys (USD)	7.4%	48.8%	22.1%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	94.5%	58.3%	13.2%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

# Belê vir die lang termyn

“Keep calm and carry on” – Britse slagspreuk tydens die Tweede Wêreldoorlog<sup>1</sup>

Vir beleggers is hierdie gewilde slagspreuk 'n herinnering dat veerkragtigheid dikwels krisisse oorleef. Net soos die frase dekades later herontdek en hergebruik is, kan markverhale met tyd en konteks dramaties verander. In tydperke van wisselvalligheid – hetsy gedryf deur oorlog, inflasie of energiekrisis – bly die vermoë om “kalm te bly en aan te hou” net so relevant vir belegging as wat dit destyds vir oorlogsmoraal was.

Dit is maklik om in die strik te trap om die gedrag van die Trump-administrasie te probeer voorspel. Daar is 'n magdom kenners, kommentators, handelaars, joernaliste, ontleders, (bank) ekonome, beïnvloeders, TikTokers en bure wat gereed staan met 'n mening oor wat die toekoms gaan inhou. Trouens, as jy gelukkig is, het hulle dalk selfs 'n tweede siening wanneer die eerste een nie realiseer nie.

Gedurende wisselvallige tye is daar 'n paar faktore wat Suid-Afrikaanse beleggers in gedagte moet hou. Verrassend genoeg het geen van hierdie te doen met aankondigings uit die Oval Office (of op Truth) nie. Dit is veranderinge in die huidige tendense van ekonomiese groei, inflasie en rentekoerse wat die gesondheid van persoonlike inkomstestate en balansstate sal beïnvloed.

## Ekonomiese groei

Die risiko van 'n wêreldwye resessie het skerp toegeneem weens beduidende hoër oliepryse, wat die mees onmiddellike ekonomiese impak sal hê deur middel van hoër inflasie en wat dan rentekoerse sal beïnvloed. Stadiger wêreldwye groei verhoog die risiko's vir oop ekonomieë (waarvan Suid-Afrika een is) waar buitelandse handel sowat 60% van die bruto binnelandse produk uitmaak.

Suid-Afrika mag ver van die fisiese gevegte wees, maar die impak sal deur wêreldwye energiemarkte gevoel word. Olie- en petroleumprodukte maak bykans 18% van ons invoere uit, en veranderinge in internasionale pryse vloei vinnig deur na die plaaslike ekonomie. Wanneer geopolitieke spanning toeneem, bou markte 'n risikopremie in, wat oliepryse opstoot – veral wanneer kritiese voorsieningsroetes soos die Straat van Hormuz bedreig word.

Vir huishoudings en besighede vertaal hoër oliepryse direk in hoër brandstofkoste. Huidige konflikvlakke het reeds gelei tot 'n beduidende styging in petrol- en dieselpriese in April alleen (ten spyte daarvan dat dit met R3 per liter deur die Suid-Afrikaanse regering gesubsidieer word). 'n Voortgesette of uitbreidende oorlog sou selfs groter druk meebring. Brandstofkoste funksioneer soos 'n belasting: verbruikers bestee meer aan vervoer, terwyl besighede met stygende logistieke en produksiekoste te kampe het.

Die gevolg is stadiger groei en breër inflasiedruk. Wat begin as 'n styging in petrol- en dieselpriese, werk uiteindelik deur die hele ekonomie in die vorm van verhoogde koste oor die hele linie. In hierdie oorlog sal Suid-Afrika goed doen om slegs die pyn in te voer, en nie die politiek nie.

## Inflasie

Een van die duidelikste nuwe-effekte van hoër oliepryse is inflasie. Voor die Midde-Ooste-konflik eskaleer het, het Suid-Afrika se vooruitsigte vir 2026 aanvaarbaar gelyk. Maar 'n skerp styging in petrolkoste kan verbruikersinflasie in April bo 4% opstoot, teenoor Januarie se voorspelling van 3,4%. Op 'n jaargrondslag kan inflasie nader aan 4,2% gemiddeld wees, teenoor vroeëre ramings van 3,3%. Dit dui nie op 'n langtermyn probleem nie, maar bemoeilik die korttermyn vooruitsig vir monetêre beleid.


## Rentekoerse

Vroeër in die jaar was die verwagting dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) rentekoerse in 2026 met sowat 75 basispunte sou verlaag, met ingang van Maart en voortgesit tydens elke tweede Monetêre Beleidskomitee (MBK)-vergadering. Hulle het egter koerse onveranderd gehou tydens hul laaste vergadering. Indien oliepryse hoog bly en inflasie styg, sal die risiko-averse MBK waarskynlik rentekoersverlagings uitstel totdat vooruitsigte duideliker is. 'n Verslapping van spanning kan steeds later vanjaar die deur oopmaak vir verlaging, terwyl 'n langdurige konflik selfs verhogings kan afdwing – hoewel dié risiko laag bly. Brandstofkoste blyk dikwels oor tyd deflasionêr te wees, aangesien

huishoudings ander besteding besnoei en swakker vraag help om breër inflasie te temper.

Uiteindelik sal menslike vasberadenheid en ondernemingsgees 'n uitweg vind. Markte bereik nuwe rekordhoogtes omdat dit is wat hulle doen – oor die lang termyn beweeg hulle opwaarts. Daar sal uitdagings langs die pad wees, soos die grafiek hieronder van die Amerikaanse aandelemark toon.

## S&P 500 total returns: Growth of \$1 (Jan 1941 - Mar 2026)



Bron: Charlie Bilello, Creative Planning

Geduldige beleggers is al vir so lank as wat ons geskiedenis het, beloon. Hou dus, vir jou eie gemoedsrus, die volgende riglyne in gedagte:

- **Bly kalm.** Konflik veroorsaak korttermyn-wisselvalligheid, maar ontspoor selde langtermyn ekonomiese tendense.
- **Hou aan.** Indien jou beleggingsstrategie voor hierdie geopolitieke gebeure gesond was, sal dit waarskynlik steeds jou beste pad vorentoe wees. 'n Gediversifiseerde portefeulje is ideaal om sulke omstandighede te navigeer.
- **Staan saam.** Jou betroubare beleggingsadviseur staan agter jou. Reaktiewe veranderinge, wat deur beleggers aangevuur word, voeg selde waarde tot langtermyn-uitkomst toe.

Laastens: die volgende keer wat jy kies om na 'n monoloog (met min nederigheid) van 'n tagtigjarige met oranje hare te luister, onthou dit is tyd wat jy nooit weer sal terugkry nie.

<sup>1</sup>Die frase “Keep calm and carry on” is die eerste keer in 1939 in Brittanje gedruk as deel van 'n reeks moreelversterkende plakkaat wat vir die Tweede Wêreldoorlog voorberei is. Anders as sy verwante slagspreuke, is dit teruggehou vir gebruik slegs in die geval van 'n inval of katastrofiese nederlaag, en is dit dus skaars tydens die oorlog gesien. Miljoene kopieë het in stoor gebly en is feitlik vergeet totdat 'n enkele plakkaat in 2000 in 'n boekwinkel in Northumberland herontdek is. Van daar af het dit 'n wêreldwye verskynsel geword, heruitgereik op bекers, T-hemde en talle parodieë.